

Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 8 Bladsy 1 van 4

Maandag 15 Junie - Merk

Hier is die antwoorde van die werk van 8 - 12 Junie. Vergelyk die antwoorde met joune, merk dit en as jy 'n fout gemaak het, skryf asb. die regte antwoord by.

Memorandum: Gedig - Praat bl. 72

1. Saterdagavond.
- 2.1 Hulle swets / praat grof.
- 2.2 Hulle drink mokkakoffie (teug pinkie in die lug aan mokkakoffie)
- 2.3 Die seuns is op die rekenaar besig.
- 2.4 Hulle praat onverstaanbaar - bla-bla-bla.
3. Die babas begin huil.
4. Hulle sit in die kerk.
5. Strofe 1 praat van 'n konglomerasie, 'n klomp goed bymekaar, en strofe 10 praat van 'n kongregasie wat 'n klomp mense bymekaar is.
6. Dit beklemtoon die stilte en kalmte deur dit uit te lig.
7. Strofe 10: eiertjie en piepkuiers Strofe 12: hennegedroers.
8. Dit maak die ma kwaad.



Memorandum: Volksverhale - Jakkals en Wolf

maak kennis.

1. Wolf is sterk, maar dom.
2. Hy bedoel dit is moeilik om die karkas te dra.
3. Ja, sy is. Sy "blaf" toe sy hulle sien, met ander woorde sy praat hard, ongeduldig en ongeskik, en sy beskuldig hulle sommer dadelik dat hulle die ander vleis geëet het. Sy skel hom uit en sy slaan hom met 'n brandende stomp.
4. Vlerksleep / ogies maak.
5. Die woord "arme".



(Skets bron: <https://empiremediasa.wordpress.com/2013/05/17/jakkals-en-wolf-illustrations/jakkals-en-wolf-verhuur-hulle-aan-boer-2/>)

Memorandum: Visuele Begripstoets - Spotprent

1. Beskryf wat jy in die voorgrond van die prent sien.

Daar is 'n kombuiskassie, yskas met oop deur en 'n man en worshondjie.

2. Wat is in die middelgrond?

Daar is 'n ry kombuiskaste met 'n wasbak vol skottelgoed, 'n stoof met 'n pot wat kook en 'n vrou voor die stoof.

Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 8 Bladsy 2 van 4

3. Wat is op die agtergrond?

Daar is 'n geteelde muur, venster met gordyne en deur die venster kan mens boomtakke sien.

4. Waarmee is die vrou besig? Noem drie goed.

Sy is besig om skottelgoed te was, kos te kook en op haar selfoon te praat.

5. Wat sê haar gesigsuitdrukking vir jou?

Sy lyk maar min beïndruk met haar man en keur nie sy gedrag goed nie

6. En die worshondjie s'n?

Hy sit grootoog regop vol verwagting en hoop hy gaan ook iets te ete kry./

Hy is duidelik baie lus vir iets om te eet.

7. Waar speel die toneel hom af (= die ruimte)?

Dit speel in 'n kombuis af.

8. Bespreek kortliks die tyd en omstandighede wanneer die spotprent afspeel.

Die verwysing na inperking wys dat dit in die hede afspeel toe inperking as maatreël om die Corona-virus te bekamp, ingestel is en mense by hulle huise moes bly.

9. Hierdie spotprent steek die draak met die omstandighede in vraag 7, maar lewer ook op 'n subtile (bedekte) wyse kommentaar oor die rolle van mans en vrouens in ons gemeenskap. Verduidelik hierdie stelling.

Die vrou is besig met allerhande huishoudelike take tegelyk terwyl die man net eet en drink. Sy kyk ook na haarself en is netjies versorg terwyl die man hoog oorgewig is.

10. Die muis in die linkerhoek lewer ook kommentaar: "Hy vat dit maar baie swaar." Dit is 'n woordspeling. Verklaar waarop die muis skimp.

Hy verwys na die man wat oorgewig is. (= swaar weeg)

11. Wat is die boodskap van die prent?

Die inperkingsmaatreëls het baie mense te veel laat eet sodat hulle gewig opgetel het.

Woensdag 17 Junie : Poësie - Die Slamaierwinkel (C. Louis Leipoldt)

Platinum LEESboek bl. 93.

1. Oor die digter: C. Louis Leipoldt (1880 - 1947)

was een van ons vroeë Afrikaanse digters. Sy werk word vandag nog hoog aangeslaan en waardeer.

Hy was veelsydig en hoogs intelligent. Benewens

digter was hy ook 'n skrywer, joernalis en mediese dokter.



2. Hierdie gedig roep 'n prentjie op van die lewe van lank gelede. Die spreker dink terug aan sy kinderjare en dan spesifiek na 'n algemene handelaar op die dorp waar hy groot geword het. Die eienaar, Abdoel, was 'n Maleier en waarskynlik van die Islamse geloof. Uit

Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 8 Bladsy 3 van 4

hierdie twee woorde het die benaming "Slamaier" ontstaan wat vroeër jare algemeen gebruik is. Later van tyd het mense beswaar daarteen begin maak omdat dit vir hulle aanstoot gegee het en as vernederend beskou is. (Jou handboek gebruik die woord "pejoratief" wat ongunstig of afkrakend beteken.)

3. Die digter maak gebruik van eindrym en binnerym. Eindrym is wanneer woorde aan die einde van versreëls met mekaar rym, m.a.w. dieselfde klink. Binnerym is wanneer die laaste woord van die versreël met 'n woord binne dieselfde versreël rym:

"Daar's rintinkel Slamaierwinkel.

4. Hy maak ook gebruik van rymdwang. Dit is wanneer 'n digter 'n woord verdraai ten einde die regte klank te kry om te rym - kyk na reël 15. In plaas van insolvent, skryf hy insolvente om te rym met rente. Insolvent beteken bankrot - wanneer jou skuld meer is as wat jy besit.

5. Lees nou die gedig stadig en aandagtig deur en gee jouself kans om dit in te neem. Lees hom dan 'n tweede keer deur voor jy die vrae aanpak.

6. Woordverklarings:

Lees die woordeverklarings op bl. 94. Hier is nog 'n paar:

Rintinkel - 'n klanknabootsende woord (onomatopée) wat die digter self opgemaak het

Reël 10 - in daardie jare was daar nie supermarkte soos ons dit ken nie. Groter goed was op die vloer van die winkel uitgestal en kleiner goed op rakke agter die toonbank. 'n Klant het by die toonbank gaan staan en gevra vir wat hy wou koop. Die winkelier het dan die goedere afgehaal en vir die klant aangegee. Baie goedere soos rys, kofiebone, meel en suiker is in grootmaat agter die toonbank gehou en mense het dan vir 'n spesifieke hoeveelheid gevra - soos wat ons nog by die slaghuis maak. Op die toonbank was dan 'n skaal en die winkelier het dan afgeweeg hoeveel die klant ook al wou hê en dit in 'n papiersakkie gegooi.

Trippens - was 'n klein muntstukkie in daardie jare gelyk aan drie pennies. Dit is ook 'n tiekie genoem en was omtrent $2\frac{1}{2}$ sent werd. 'n Sikspens was dubbel soveel.

Kardoesie - 'n papiersakkie

Spogkar - in daardie jare het baie mense nog met perdekarre gery en 'n spoggerige kar was 'n statussimbool.

Verband - Abdoel moes vir die plaaseienaar geld geleen het en het 'n verband op die plaas geregistreer as versekering dat die boer hom terugbetaal.

Mengelmoes - 'n deurmekaarspul.

7. Daar is 'n tikfout in die gedig: Die laaste reël van die eerste strofe eindig met "hoor." , maar daar hoort nie 'n punt na "hoor" nie. Die reël loop as 'n enjambement oor na die tweede strofe waar die sin voltooi word. Tippex asb. die punt uit.

8. Vrae :

Doen nou die vrae op die volgende bladsy.

Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 8 Bladsy 4 van 4

8. Doen nou die volgende vrae:

8.1 Watter sintuie word almal in die gedig genoem?

8.2 Skryf 4 voorbeelde van binnerym neer.

8.3 In die laaste strofe meld die spreker "die mengelmoes van geure". Noem vier goed uit strofe een wat hiertoe kon bygedra het.

8.4 Kry 'n voorbeeld van enjambement in die gedig buiten die een in punt 7 genoem.

8.5 Waaroor kla Abdoel?

8.6 Watter bewyse het oom Bennie dat Abdoel ryk is?

8.7 Wat is die tema van die gedig? (m.a.w. waarom gaan die gedig in essensie?)

8.8 Watter vorm van beeldspraak kom in die volgende versreëls voor?

8.8.1 reël 7

8.8.2 reël 31



8.9 Wat is die trant van die verskillende strofes? Verhalend, bespiegelend of beskrywend?

8.10 Bespreek die stemming van die gedig en hoe dit verander in twee of drie sinne.

Foto: <https://tompoland.net/2009/08/20/the-gathering-place%E2%80%94the-country-store/>

Donderdag 18 Junie: Begripstoets

Platinum handboek bl. 46. Lees die leesstuk, Hansie die poppemeester, op bl. 46 (saam met die kantaantekeninge) asook afdeling a. Wat is die kenmerke van die tekssoort bo-aan bladsy 47.

Beantwoord dan afdeling b. Beantwoord begripsvrae nrs. 1 - 10 op bl. 47.

Vrydag 19 Junie: Visuele begrip

Baie spotprentkunstenaars gebruik een of ander diertjie wat hulle gereeld in hulle spotprente inwerk. Dié diertjies raak karakteriserend van 'n spesifieke tekenaar en word amper deel van sy handtekening. Fred Mouton, wat die prent oor die inperking gedoen het, is byvoorbeeld lief om muis in te sluit. Frans Esterhuyse, wat hierdie een geteken het, gebruik dikwels katte. Een tekenaar gebruik weer wurms. Hierdie insluitings lewer dikwels gevatte kommentaar op die prent, hetsy met woorde of deur aksies. In hierdie prent laat spaander die katte byvoorbeeld eenkant toe in nabootsing van die man. Dit verleen lewe en verhoog die humor van die prent.

Platinum handboek bl. 47. Kyk mooi na die spotprent onderaan bl. 47 en lees die notas in die kantlyne. Beantwoord dan die vrae onder b. Beantwoord begripsvrae op bl. 48.